dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

3 MEI 2019

Kolossense 2:8: #Onderskeiding

"Wees versigtig dat niemand julle beroof deur filosofieë en leë misleiding volgens die leringe van mense en volgens die beginsels van die wêreld en nie volgens die Gesalfde Een nie."

Paulus waarsku die volk van Kolossense om versigtig en op hul hoede te wees, want misleiding was reeds daardie tyd aan die orde van die dag. Hulle moes oppas dat hulle nie as buit weggevoer word deur die wysbegeertes en nietige misleiding nie.

Daarom behoort elke gelowige die gees van onderskeiding te hê, om sodoende te onderskei wat die planne van die vyand is, want hy kom met die oorleweringe van die ou mense en die eerste beginsels van die wêreld vorendag om jou van jou staanplek af te ruk.

Wanneer ons nugter en waaksaam is, sal ons weet wat is die wil van God vir ons lewe, ons sal dan wandel in die plan van die Here ongeag die aanslag van die bose. Daarom moet ons altyd God se aangesig soek, sodat Sy wil in ons lewe kan geskied.

Vrede / Shalom